22 Julie 2011

NUUSBRIEF 7/2011

Geagte Ouers

Met die aanvang van 'n nuwe kwartaal wil ek graag elke ouer, en in besonder die nuwe leerlinge en hul ouers, van harte verwelkom. Ek vertrou dat elkeen van u gedurende hierdie kwartaal goed sal inskakel en hartlik met ons sal saamwerk. Die volgende belangrike sake vir u aandag:

1. Fondsinsamelingsprojek

Die Jagkompetisie het gister op R189 000.00 gestaan waaroor ons baie opgewonde en opreg dankbaar is. Dankie vir elke ouerhuis se wonderlike ondersteuning. Die trekking het Donderdag, 21 Julie 2011 om 12:00 by die skool plaasgevind. Jordaan, Davel en Prinsloo Ouditeure het die trekking waargeneem en die uitslag is soos volg:

- Eerste prys (jagpakket ter waarde van R15 000.00 of R10 000.00 kontant) : PG Jansen v Vuuren
- Tweede prys (R5 000.00 kontant) : Gavelle Reynders
- Derde prys (R2 000.00 kontant) : Kobus Reinecke
- Top verkoper (R1 000.00 kontant) : Victor Potgieter
- Wenklas (uitstappie na Valley of the Waves) : Juf Ria Venter (3/54)

- Top 5 verkopers (uitstappie na Valley of the Waves)

  - Victor Potgieter (5/34 - 26 boekies)
  - Ananda Lategan (6/01 - 24 boekies)
  - Wandré vd Merwe (3/54 - 22 boekies)
  - Hermien Potgieter (3/54 - 18 boekies)
  - Pieter Malan (6/09 - 15 boekies)

2. Oueraand

Rapporte/Assesseringsverslae word Woensdag, 27 Julie 2011, aan leerders oorhandig. Alle ouers word hartlik uitgenooi om Donderdag, 28 Julie 2011, 'n oueraand by te woon, waartydens u geleentheid sal kry om u kind se onderwysers te ontmoet en u kind se vordering te bespreek.

Ouers wat persoonlik per addisionele skrywe uitgenooi word as gevolg van u kind se onderprestasie of swak gedrag, moet asseblief as 'n saak van dringendheid die oueraand bywoon. Die oueraand vind plaas tussen 17:00 en 18:30.

3. Belangrike datums

20 Julie 2011	:	Jagkompetisie sluit
21 Julie 2011	:	Jagkompetisietrekking
23 Julie 2011	:	Landloop Liga 4 te Toitskraal (Marble Hall)
26 Julie 2011	:	Krieket vs Bosveld (0/11 tuis en Eerstes weg)
28 Julie 2011	:	Oueraand
		Krieket vs Bosveld (0/10 tuis en Tweedes weg)
30 Julie 2011	:	Landloop Liga 5 te Potgietersrus
02 Augustus 2011	:	Krieket vs Warmbad (Eerstes tuis en 0/11 weg)
03 Augustus 2011	:	Gr 1 Uitstappie na Hartebeespoort Slang- en Dierepark
04 Augustus 2011	:	Hokkie tuis vs Van Wykskraal
		Krieket vs Warmbad (0/10 weg en Tweedes tuis)
		Fondsinsamelingsprojek (kaskarre) skop af
06 Augustus 2011	:	Landloop Liga 6 te Modimolle (Nylstroom)
08 Augustus 2011	:	Skoolvakansiedag
09 Augustus 2011	:	Openbare vakansiedag (Vrouedag)
11 Augustus 2011	:	Hokkie tuis vs Koedoeskop
		Krieket vs Koedoeskop (0/10 tuis en Tweedes weg)
13 Augustus 2011	:	Landloop Limpopo Provinsiale Kampioenskappe
15 – 20 Augustus 2011	:	Kunste Eisteddfod
16 Augustus 2011	:	Krieket vs Krugerpark (0/11 weg en Eerstes tuis)
18 Augustus 2011	:	Krieket vs Krugerpark (0/10 weg en Tweedes tuis)
19 Augustus 2011	:	Bosveld Krieketproewe tuis (0/11, 0/12 en 0/13)
		Rapportryers Bybelvasvra Tweede Uitdunrondte
23 – 24 Augustus 2011	:	Kunstekonsert
25 Augustus 2011	:	Hokkie te Ellisras
27 Augustus 2011	:	Mini-hokkiedag tuis
		Krieketproewe Streek 1 tuis
30 Augustus 2011	:	Krieket 0/11 en Eerstes uitspeelwedstryde indien gelyk
01 September 2011	:	Hokkie te Warmbad
		Krieket 0/10 en Tweedes uitspeelwedstryde indien gelyk
03 September 2011	:	Mini-hokkiedag te Koedoeskop
06 September 2011	:	Krieket uitspeelwedstryde
09 – 11 September 2011	:	Gr 6 Leierontwikkelingskamp (dogters) te Thaba Morula
10 September 2011	:	Landloop SA Kampioenskappe
16 – 18 September 2011	:	Gr 6 Leierontwikkelingskamp (seuns) te Thaba Morula
10 September 2011	:	Hokkie kwarteindrondte te Tzaneen
14 September 2011	:	Fotodag
		Ouervergadering (Goedkeuring van 2012-begroting)
15 September 2011	:	Herregistrasie van leerders vir 2012 begin
17 September 2011	:	Hokkie Finale Suidstreek te Onbekend
29 September 2011	:	Kaskardag
30 September 2011	:	Skool sluit

Laerskool Thabazimbi is bevoorreg met ‘n baie lojale ouergemeenskap en daarom sien ons uit na die kwartaal wat voorlê.

Groete

_____

Mnr J L M Venter
HOOF